HOOFSTUK 9: VOLWASSENES

1. INLEIDING

Volwasse lede is Staatmakers, offisiere, heemraadslede en jeugvriende soos in hoofstuk 3 van die reglemente omskryf.

2. OPLEIDINGSRAAMWERK

2.1 Die opleiding van volwasse lede van *Die Voortrekkers* kan informeel of formeel van aard wees.

2.2 Kursusaanbieders ondergaan ‘n Spesialiseringskursus in opleiding (Spes-op) en word dan aangestel deur Hoofdagbestuur as kursusaanbieder.

3. INFORMELE OPLEIDING

3.1 Mentorskap

Elke Voortrekkerkommando moet toesien dat nuwe spanoffisiere bygestaan word in die hantering van hulle spanne. Hierdie mentorskap is normaalweg die taak van ‘n ervare persoon deur die kommando aangewys en kan ‘n veldkornet of Adjunkkommandoleier wees.

3.2 Informele opleidingsgeleenthede

3.2.1 Elke kommando-, oord-, en gebiedsdagbestuur reël van tyd tot tyd informele opleidingsgeleenthede oor aspekte van Voortrekkers waarna volwasse lede genooi word.

3.2.3 Geen formele erkenning word vir die bywoning van sulke informele opleidingsgeleenthede gegee nie maar ‘n bywoningsertifikaatmoet moet uitgereik word vir gebruik met ABC punte toekenning.

4. FORMELE OPLEIDING

4.1 Skema

ORIËNTERINGSKURSUS (Kommandodagbestuur)

Na die oriënteringskursus kan enige van die volgende kursusse deurloop word.

SPANHANTERING en/of STAATMAKER	SPESIALISERING	BESTUUR

Na vier jaar diens as volwasse lid en afhandeling van enige twee van Staatmaker-, Spanhantering-, Bestuur- of ‘n Spesialiseringskursus kan ingeskryf word vir leierseminaar.

LEIERSEMINAAR

Na afhandeling van Leierseminaar en voltooiing van die bestuurskursus (indien nog nie gedoen nie) kan enige bestuursliggaam ‘n volwasse lid nomineer vir die spesialisering in opleiding. Die nominasie is onderhewig aan die vooraf goedkeuring van die gebiedsdagbestuur.

SPESIALISERING IN OPLEIDING (SPES-OP)

Die spesialiseringskursus in opleiding is bedoel om kandidate op te lei om opleiding as kursusaanbieders in kommando's, oorde en gebiede te onderneem.

4.2 Toelatingsvereistes

4.2.1 Alle offisiere, staatmakers, heemraadslede, jeugvriende en ander volwassenes moet met die oriënteringskursus begin.

4.2.2 Na voltooiing van die oriënteringskursus kan 'n volwasse lid onmiddellik met óf die staatmakerkursus óf die spanhanteringskursus óf die bestuurskursus óf enige spesialiseringskursus voortgaan.

4.2.3 ‘n Volwasse lid kan vir die leierseminaar inskryf indien hy reeds, na oriëntering, twee van die staatmaker- of spanhantering-,of bestuurskursus of een spesialiseringskursus voltooi het en vier aaneenlopende jare ‘n volwasse lid van *Die Voortrekkers* was.

4.2.4 Vir toelating tot die spesialiseringskursus in opleiding moet 'n kursusganger ten minste as 'n volwasse lid geregistreer wees, leierseminaar en bestuurskursus suksesvol deurloop het. Die aanbieders van leierseminaar, of enige bestuursliggaam kan ‘n persoon nomineer. Aansoeke is onderhewig aan die goedkeuring van die betrokke gebiedsdagbestuur. Die toepaslike aansoekvorm moet voltooi word voor aanvang van die kursus.

4.3 Wyse van aanbieding

4.3.1 Oriënteringskursus is ‘n kort kursus en word onder leiding van die kommandodagbestuur in die kommando aangebied met die kursusmateriaal wat beskikbaar is.

4.3.2 Volwasse lede woon al die ander kursusse by wat deur die betrokke gebiedsdagbestuur geregistreer is en wat volgens die voorgeskrewe riglyne aangebied word. 'n Kursusaanbieder (wat as kursusaanbieder opgelei en geregistreer is) is ten volle verantwoordelik vir 'n betrokke kursus se aanbieding. Hy kan deur een of meer hulpkursusaanbieders bygestaan word. Die tydsduur van die onderskeie kursusse word deur die hoofdagbestuur bepaal en in riglyne neergelê. Evaluering en regstellende onderrig vind deurlopend plaas.

4.4 Erkenning

4.4.1 Erkenning dat 'n kursusganger 'n bepaalde basiese kursus (oriëntering, spanhantering, staatmaker, bestuur, spes-op) suksesvol deurloop het, bestaan uit die opleidingsdiploma en ook 'n volwasse opleidingskenteken soos in hoofstuk 26 van die reglement, beskryf word.

4.4.2 Erkenning dat 'n kursusganger 'n bepaalde spesialiseringskursus (behalwe die spesialiseringskursus: opleiding) deurloop het, bestaan uit die betrokke spesialiseringsdiploma. Geen erkenning daarvoor word op voortrekkerdrag gedra nie.

4.4.3 Die spesialiseringsdiploma in opleiding word na registrasie as kursusaanbieder deur die hoofdagbestuur uitgereik. Die kenteken kan aangekoop word.

4.5 Aanstelling as kursusaanbieder

4.5.1 Die persoon wat die Spes-op kursus deurloop het moet deur die kursusaanbieders van die Spes-op kursus aanbeveel word waarna hy deur die Hoofdagbestuur aangestel kan word.

4.5.2 Die persone wat aangestel word se aanstelling moet minstens elke twee jaar deur die Nasionale komitee: volwasse sake hersien word en indien daar rede bestaan waarom sy aanstelling beëindig moet word, dit aan hoofdagbestuur deurgee vir verdere hantering.